

Donderdag 16 Mei

Skrifgedeelte: Josua 22

Fokusgedeelte: Josua 22:34

Een van siel, een van sin

Die tyd het aangebreek dat daar rus en vrede in Kanaän kom. Onder leiding van Josua het die dapper soldate van Israel die land van belofte in besit geneem. Nou is die stryd gestry. Die manne van Ruben, Gad en die halwe stam van Manasse kan na die erfdeel toe trek wat die Here vir hulle aan die oostekant van die Jordaan uitgemeet het. Hulle het hulle broers getrou gehelp om Kanaän van die heidene te bevry. Nou mag hulle hul Godgegewe erfdeel gaan opbou en uitbou.

By die Jordaanrivier besluit hulle om 'n altaar te bou (vs 10), 'n groot altaar. Toe die ander stamme dit hoor, het hulle gereed gemaak vir oorlog. Want hulle het gereken dat die bou van 'n altaar 'n teken van kerkskeuring is. God het beveel dat daar een altaar moet wees waar die hele volk, een van siel en een van sin (Fil. 2:2), die HERE aanbid. Wat gebeur nou? 'n Tweede altaar is vir die stamme wes van die Jordaan 'n bewys van growwe en ontroue verbondsbreuk.

Genadiglik besluit die nege en 'n half stamme om eers te praat voordat tot die daad van oorlog oorgegaan word. Die broederlike gesprek lewer geseënde resultate op. Die stamme oos van die Jordaan wil nie wegbreek nie. Inteendeel, hulle wil saam met die ander stamme "een in leer, diens en tug" wees. Daarvan is die altaar 'n teken. Vir daardie doel kry die altaar ook 'n gepaste naam: "Hy is getuie tussen ons dat die HERE God is" (vs 34).

Diepgaande, oop en eerlike gesprekke tussen gelowiges en kerke is onmisbaar in die kerklike lewe. Al te gou kan mense mekaar verdink en slegsê. Die uiteinde kan 'n vreeslike breekspul wees. Om mekaar in Christus vas te hou, is om mekaar oop en eerlik te vermaan waar nodig. Huisbesoeke, kerkvisitasie, kerklike vergaderinge waar van hart tot hart op die basis van die Skrif gepraat word – dit is alles middele in die hand van die Opperherder om die band tussen gelowiges en kerke onwrikbaar vas te maak.

Die les van Josua 22 is een wat ons helder voor oë moet hou. Wees mekaar se wagters. Bind mekaar aan die Here. Doen dit opreg, nederig, met 'n oop gemoed en 'n soekende hart. Bid vir die vrede van Jerusalem, die kerk. Laat daar vrede wees in jou skanse, rus in jou paleise (Ps. 122:7).

Sing: Psalm 122-1:2

Dr. GJ Meijer (Gerard) (Oos-Moot)